DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

12/2025 11 April 2025

IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Langnaweke en vakansiedae
2. Akademiese toekennings
3. Lootjielyste
4. Skoolaansoeke vir 2026
5. Rugby en netbal
6. Hokkie
7. Swem
8. Personeelverjaardae
9. Skooltye
10. Skoolfonds
11. Adverteer in die Skippertjie

"If you don't plan your time, someone else will help you waste it."
Zig Ziglar

Afrikaanse idioom van die week

Meer afbyt as wat jy kan kou

Meer onderneem as wat jy kan uitvoer

2025 SKOOLKWARTALE

2de: 8 April – 27 Junie
3de: 22 Julie – 3 Oktober
4de: 13 Oktober – 10 Desember

UIT DIE KAJUIT

Baie welkom terug aan al ons personeel, leerders en ouers aan die begin van die tweede kwartaal. Ek vertrou dat u die kort vakansie geniet het en dat almal se batterye weer herlaai is. Gedurende die vakansie het talle van ons individuele leerders en sportspanne aan aktiwiteite deelgeneem en uitstekend gevaar. Dit is net weereens 'n bewys dat ons Parkies vir niks of niemand in die land hoef terug te staan nie. U kan die uitslae elders in die nuusbrief sien. Wanneer mens na die kwartaalprogram (wat reeds verlede kwartaal uitgestuur is) kyk, sien jy dat Aprilmaand behoorlik met vakansiedae en langnaweke deurspek is. Dit gaan beteken dat ons baie goed sal moet beplan hoe ons te werk gaan om seker te maak dat die akademiese- en buitemuurse program vlot kan verloop (sien punt 1 vir inligting rondom langnaweke). Dit is ook belangrik dat ons almal sal moet prioritiseer en saamwerk deur seker te maak dat ons nie onnodig tyd sal verspeel met dinge wat onbelangrik is nie. Verder moet u as ouer ook seker maak dat u kind elke dag skool toe kom en nie onnodig afwesig is en so agter raak met skoolwerk nie. Gelukkig weet ek dat ons hier by Park 'n 100%-span is wat nie terugdeins wanneer dit by werk kom nie. Ek spreek die hoop uit dat elkeen van ons hierdie kwartaal, soos gewoonlik, 100% sal saamwerk tot voordeel van Laerskool Park en sy kinders. Baie sterkte vir die kwartaal.

Dr. André Smith

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Langnaweke en vakansiedae

Neem asb. kennis van die volgende langnaweke en skoolvakansiedae:

- Vrydag, 18 April: Goeie Vrydag (geen skool)
- Maandag, 21 April: Familiedag (geen skool)
- Ma, 28 April – Vry, 2 Mei: Skole vakansie

Die skool open weer op Maandag, 5 Mei soos normaal

2. Graad 4-7 Akademiese toekennings

Baie geluk aan al ons graad 4-7 leerders wat akademiese knopies vir die eerste kwartaal ontvang het vir diamant (bo 85%), goud (80 – 84,9%) of silwer (75 – 79,9%). Die volgende toekennings is gemaak:

Graad 4: 31 diamant, 12 goud en 16 silwer
Graad 5: 26 diamant, 21 goud, 10 silwer
Graad 6: 20 diamant, 16 goud, 15 silwer
Graad 7: 14 diamant, 9 silwer, 21 silwer

3. Lootjielyste

Elke leerder het 'n lootjielys ontvang. Die eerste trekking vind komende Maandag, 14 April plaas. By voorbaat baie dankie vir u ondersteuning om ook van dit 'n sukses te maak.

Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 14 Apr: SBL-vergadering
Di, 15 Apr: Skoolaansoeke sluit
Hokkie en skaak vs Wesbank
Wo, 16 Apr: Rugby en netbal vs Wesbank
Vr, 18 Apr: Goeie Vrydag (geen skool)

BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park Skoolfonds
Bank: First National Bank (FNB)
Rekeningnommer: 62035 761 081
Takkode: 210-314
Verwysing: Kind se naam, van en graad of toelatingsnommer

4. Nuwe skoolaansoeke vir 2026 sluit 15 April

Let asb. daarop dat die WKOD se aanlyn-skoolaansoekproses reeds op 11 Maart geopen het. Gr R, 1 en 8 aansoeke vir 2026 kan tot en met 15 April gedoen word. Leerders wat reeds in Laerskool Park is, hoef nie weer aansoek te doen nie (*sien die inligting onderaan*).

5. Rugby en netbal

Gedurende die vakansie het van ons sportspanne aan toernooie in die Paarl en George deelgeneem. Die spanne het baie goed gevaar teen skole van regoor die land. Die volgende leerders is na afloop van die Kobus Wiese-toernooi in die Paarl as beste spelers aangewys:

- Netbal: Isabeau Coetsee en Nina Marais
- Rugby: Leolin Mondo en Jordan Sydon

Jordan is ook as agterspeler van die toernooi aangewys. Baie geluk aan al die spanne en spelers wat goed gevaar het!

6. Hokkie

Baie geluk aan die volgende spelers wat in die onderskeie SWD-spanne opgeneem is vir deelname aan latere wedstryde en toernooie:

- Seuns IPT-span: André Joubert
- Seuns streekspan: Sias Poggenpoel

100% Parkies

7. Swem

Baie geluk aan die volgende swemmers wat goed presteer het met swem:

- SA Vlak 2 Nasionale Streekskampioenskappe: Liné Schoeman en CJ Venter (silwer in borsslag en brons in aflos)
- Eden Junior Interdistrikspan: Milané Belstead
- SA Skole Kampioenskappe: Isabeau Coetsee – 6 goue, 3 silwer en 1 brons medalje. **Sy verbeter ook die SA rekord in die 50m rugslag en word aangewys as die Junior Victrix Lodorum!**

8. Personeelverjaardae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:
17 April: Estian Kritzinger

9. Skooltye

Ons versoek ouers om seker te maak dat kinders elke dag betyds by die skool is en nie onnodig afwesig sal wees nie. Skooltye is as volg:

- Graad RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2, 3 en HBK: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4 – 7: 07:30 – 14:00 (Vrydae – 13:15)

10. Skoolfonds

Ouers moet asb. seker maak dat skoolfonds op datum betaal is. Baie dankie aan al ons ouers wat getrou skoolfonds betaal. Skoolfonds vir 2025 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7:** **R13 200**
- **Graad R en RR:** **R13 500**

11. Adverteer in die Skippertjie

Die kostes beloop R100 per plasing per week. Advertensies word in A4-grootte onderaan die nuusbrief geplaas. Kontak vir Anneke Harmse om die betaling te reël. Advertensies kan aan juf. Karen by 060 7212 192 gestuur word. Advertensies moet in JPEG-formaat gestuur word.

Maak Hoërskool Punt jou eerste keuse vir 'n toekoms van uitnemendheid!

Hoërskool Punt bied meer as net 'n skoolervaring – ons bied elke leerder die geleentheid om te groei, om jou volle potensiaal te bereik. Ons leerders presteer op elke gebied, of dit nou in die klaskamer, op die sportveld, of op die verhoog is.

Hoekom Hoërskool Punt?
Ons skool staan bekend vir sy uitstaande akademiese prestasies, wat elke kind help om vir universiteit en die grootmenswêreld suksesvol voor te berei. Ons het 'n gediversifiseerde vakkeuse wat elke leerder se unieke sterk punte en belangstellings ondersteun, met spesiale verwysing na wiskunde, wetenskap en tegnologie.

Sport en Kultuur
Hoërskool Punt spog met 'n indrukwekkende sportrekord en het al vele provinsiale en nasionale kampioene opgelewer. Ons leerders neem deel aan 'n wye verskeidenheid sportsoorte, insluitend rugby, hokkie, atletiek en netbal, en beskik oor fasiliteite wat die prestasies moontlik maak.

Ons kultuurprogram is net so dinamies en bied aan leerders die geleentheid om hulle musiek, drama, redenaars en verskeie ander talente te ontwikkel.

Omgewing van groei
Ons is trots daarop om 'n skoolgemeenskap te wees waar elke leerder omring word deur ondersteuning, inspirasie en geleenthede om lewenslange vriendskappe te smee. By Punt koester ons 'n waardegedrewe omgewing wat elke individu help om optimaal te ontwikkel.

Sluit aan by ons Puntfamilie!
Met 'n geskiedenis van prestasie en 'n toekoms van eindelose moontlikhede, is Hoërskool Punt die regte keuse vir jou kind se hoërskoolopleiding. Ons nooi jou uit om ons skool te besoek en te ervaar waarom ons leerders elke dag met trots sê: ***Ek is 'n Puntleerder!***

#PuntStreweNaUitnemendheid
#JouToekomsBeginHier
#ProudlyPoint

Point HS Punt

EX ALTIS IN ALTIORA

044 691 2247
Hofmeyrstraat 20
Mosselbaai, 6500, Suid-Afrika
admin@pointhighschool.co.za

www.pointhighschool.co.za

Easter HUNT

20 APRIL 2025

Time: 10:00 until 16:00

Price: R120 per person

Proceeds will go towards the Herbertsdale School Bus (Hemelrood Onderrigsentrum NPC).

cinnabar CREATIVE STUDIO
AfriForum
Gastao's QUALITY FOODS
vts communications CONNECT · CREATE · COMMUNICATE
MOSSEL BAY Embroidery CORPORATE CLOTHING & GIFTS 0722 488 568
G.Fox Think Clean, Think Safe, Think Fox
Deacon Bouers
T.I.P.S. LABOUR CONSULTANCY CC ...TRADING IN PROFESSIONAL SOLUTIONS...
RICOH
XITe COMPUTERS

RESTAURANT BOOKING ESSENTIAL | Takeaway area on the grass downstairs will be open

Tel: 044 333 0222 | info@jakkalsvlei.co.za | www.jakkalsvlei.co.za

GOLDWAGEN

GOLDWAGEN MOSSELBAY

Verkoop kwaliteit voertuigonderdele. Geskik vir alle groot voertuighandelsmerke.

: 044 692 0353 : 044 692 0353

mosselbay@goldwagen.com

SEUNS & MEISIES
MOSSELBAAI

Stiek...

GIMNASTIEK

Nuut

KONTAK ONS!

Nicole en Almone
082 376 2806
nolivier@tuskies.co.za

WELKOM

nuwe SEISOEN

Verbeter of Leer...

- **KOORDINASIE**
- **MOTORIESE VAARDIGHEDE**
- **SOSIALE INTERAKSIE**
- **DISSIPLINE**

Lesse vanaf 18maande

Onderste parkeerarea,Sparsentrum,Da Nova

IS JY AL GEREGISTREER?

Ons herinner u daaraan om voor die einde van die eerste kwartaal op die d6-CONNECT toepassing te registreer.

Vanaf die tweede kwartaal sal alle skoolkommunikasie slegs op d6 plaasvind.

Laai die d6-CONNECT toep af en registreer so gou as moontlik om op hoogte te bly van belangrike nuus.

PARK
VOLHARD - PERSEVERE

100% Parkie

Western Cape Government
FOR YOU

Don't Wait!

11 March to 15 April 2025

Get ready for the 2026 school year.

Apply for admission before the deadline!

Apply online at
westerncape.gov.za/education

Transfers Grade 2-7 & Grade 9-12: 4 - 18 August 2025

Vrae wat dikwels gevra word

1 Hoe doen ek aansoek om toelating tot 'n openbare skool vir my kind?

- Skole bepaal plasings deur hul eie toelatingsbeleid uit te oefen en toe te pas, wat in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, (Wet 84 van 1996) behoort te wees. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) kan nie plasings by skole van ouers se voorkeur waarborg nie.
- Doen vroegtydig aansoek. Moenie tot op die laaste dag wag nie.
- Ouers/voogde/versorgers moet by ten minste drie skole aansoek doen, insluitend die skool naaste aan hul woning.

2 Wat is die toelatingsouderdom vir graad R en graad 1?

- Verpligte skoolgaande ouderdom vir toelating tot graad 1: 'n Kind moet in die graad 1-jaar sewe jaar oud word.
- Toelatingsouderdom vir graad R: 'n Kind moet in die graad R-jaar ses jaar oud word.

3 Watter dokumente word benodig om aansoek te doen om die toelating van 'n kind by 'n openbare skool?

Gewaarmerkte afskrifte van die volgende dokumentasie word vereis:

Vorm van identifikasie. Enige van die volgende sal aanvaar word)

- Identiteitsdokument/geboortesertifikaat (leerder).
- Buitelandse leerders: 'n paspoort/ouers/voogde/versorgers se vlugteling- of asielsoekersvisum waarop die leerder se naam moet verskyn.
- Indien 'n leerder van buitelandse ouers/voogde/versorgers in Suid-Afrika gebore is: 'n handgeskrewe geboortesertifikaat (DHA 19-vorm).
  Indien 'n leerder nie in Suid-Afrika gebore is nie: paspoort/vlugteling- of asielsoekersvisum wat in die leerder se naam uitgereik is.

Immuniseringkaart (Road to Health Chart) van die leerder (slegs op primêre skole van toepassing).

Laaste amptelike skoolrapport/ akademiese rekord met uitslae van die leerder.

Bewys van verblyf (diensterekening/ huurooreenkoms/beëdigde verklaring wat by 'n polisiestasie afgelê word wat verblyf bevestig).

Indien stawende dokumente NIE BESKIKBAAR IS NIE/ONTBREEK: **'n beëdigde verklaring** van die Suid-Afrikaanse Polisiedienste **moet by die aansoek ingesluit wees.**

4 Kan 'n kind toelating geweier word as hulle nie in 'n skool se voederarea woon nie?

Die WKOD het geen voedersones toegeken nie.

5 Kan skole "registrasiegeld" hef voordat 'n leerder aanvaar word?

Nee. Skole mag geen gelde hef voordat 'n leerder aanvaar is nie.

6 Hoe doen ouers/voogde/versorgers aansoek om toelating?

Ouers doen aanlyn aansoek via die volgende skakel: **westerncape.gov.za/education.**

Neem asseblief kennis dat ALLE navrae oor jou kind se aansoek via die WKOD se aanlyn toelatingstelsel gedoen moet word.